

15 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Konings 2:13-3:27 (OAV)

Fokusgedeelte: 2 Konings 3:6,7

Eendrag maak mag

Eendrag maak mag – en tog ook nie. Die drie konings van Israel, Juda en Edom trek saam teen die koning van Moab uit omdat laasgenoemde nie meer die verskuldigde wolproduksie as belasting aan Israel lewer nie.

‘n Gesamentlike weermag behoort Moab maklik te verslaan. Maar dan is daar skielik geen water nie – nie vir die manskappe nie en ook nie vir die diere nie – en sonder water kan ‘n mens nie veg nie. Sonder water sal hulle ‘n maklike prooi vir die Moabiete wees.

Josafat, die koning van Juda, wat die Here geken en gedien het, vra na ‘n profeet. Joram, die koning van Israel wat net soos sy ouers Agab en Isébel afgode gedien het, weet nie eers van die bestaan van die profeet Elisa daar in sy land nie. Gelukkig ken een van sy dienaars die profeet Elisa.

Op grond van sy agting vir die godvresende koning Josafat, roep Elisa die Here aan vir hulp. Die Here skenk hulp - nie net water nie, maar ook ‘n oorwinning oor die Moabiete.

Eendrag maak mag, maar slegs as die ware God van die Skrif ook deel van jou beplanning uitmaak. Daarom sê Ps 127: “As die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.”

Sing: Psalm 133

Ds PA Smit (Emeritus)